

Nuusbrief

Jaargang 5 Nommer 1

Junie 2010

Liewe kollegas

In die kerkjaar is ons tans in die Koninkryk-tyd wat ons opnuut daaraan herinner dat God self besig is om sy Koninkryk te herstel.

Ons glo dat maatskaplike dienslewering as deel van die kerk se barmhartigheidsbediening 'n belangrike onderdeel uitmaak van hierdie herstelaksie waarmee God besig is en waarvoor Hy Sy kerk uitgekies het om 'n instrument te wees. Natuurlik bly selfs ons beste pogings vol foute en onbeholpe, maar Pinkster het ons daaraan herinner dat die Heilige Gees ons vir ons dienswerk toerus.

Ek herinner julle aan die goeie gesprek wat ons tydens die KMDR konsultasie in Januarie 2010 gehad het waarin ons



hierdie siening bevestig het.

Ek is baie bewus daarvan dat die eise wat in die maatskaplike welsynsektor aan julle gestel word byna ondraaglik groot is en dat dit elke dag van julle verwag word om julleself en die vermoë van julle organisasies tot breekpunt te span. Hier waar ek op die nasionale vlak funksioneer probeer ek voortdurend om hierdie krisis in elke forum waar ek kom uit te wys.

Alhoewel die nuusbrief nou vir 'n paar maande lank onsigbaar was, was daar talle belangrike gesprekke en het 'n paar prosesse tog gevorder. Ek wil in dié nuusbrief kortliks daaroor berig.

Groete en geniet die wêreldbeker sokker. Sterkte ook vir die post-wêreldbeker

In hierdie uitgawe:

1. Hersiening van die finansiële beleid
2. Implementering van die Kinderwet (2007)
3. Afrikaanse vertaling van die Kinderwet
4. Funksionering van die SA Raad vir Spesiale Diensberoepe
5. Wet op Maatskaplike Werk
6. Die retensiestrategie en die beursskema
7. Verhouding met ander netwerke
8. Waar staan ons met die geïntegreerde diensleweringmodel (ISDM)?
9. Implementering van die Wet op Ouer Persone
10. Bestuursinligtingstelsel vir KMDR lede

Die hersiening van die finansiële beleid

Die huidige finansiële beleid van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling, beter bekend as die "Financial Awards Policy", is sedert 1 April 2005 in werking. Van die begin af was daar in die

maatskaplike welsynsektor ongelukkigheid oor die beleid. Ek noem 'n paar voorbeelde. Die voorskrifte oor transformasie het die indruk geskep dat die Departement die beleid wil gebruik om hulle

transformasiedoelwitte te bereik. Die beleid is gebaseer op die uitgangspunt dat maatskaplike

Blaai asb na bl 2

Die hersiening van die finansiële beleid

Vervolg van bl 1

welsynsorganisasies moet “tender” om sekere programme te doen. Verder is dit algemene kennis dat die implementering van die beleid en die verskillende prosesse rondom die beleid veel te wense oorlaat. In sommige provinsies gaan dit wel beter as in ander, maar oor die algemeen is daar steeds groot probleme met byvoorbeeld die jaarlikse onderhandelinge oor die diensvlakooreenkomste, of eerder die gebrek aan onderhandelinge.

Die probleme met die huidige finansieringsbeleid word miskien die heel duidelikste in die diskrepansie ten opsigte wisselende bedrae wat provinsiale departemente vir dieselfde programme betaal.

Die probleme insake die subsidies was die afgelope jare in talle forums op die agenda. Die jongste poging is om via die “Joint Strategic Committee” (JSC) wat bestaan uit die dagbestuur van NACOSS en die Nasionale Welsynsforum die Departement Maatskaplike Dienste te probeer ooreed om die huidige beleid grondig te hersien eerder as om net wysigings hier en daar aan te bring. As deel van hierdie aksie het die JSC ‘n proses begin om die leemtes en probleme wat in die huidige beleid is uit te wys, maar ook om aan te dui hoe ons dink so ‘n beleid behoort te lyk.

Ons besef dat die proses om die huidige beleid te hersien ‘n lang tyd kan duur, maar dit blyk die enigste blywende uitweg te wees uit die huidige chaos met subsidies.

As julle organisasie reeds standpunte oordie finansieringsbeleid ingeneem het en julle nou ‘n bydrae wil maak is julle welkom

Die JSC het ‘n kleiner taakgroep aangewys om ‘n konsep besprekingsdokument voor te berei vir ‘n vergadering met die Departement Maatskaplike Ontwikkeling wat gereël is vir **28 Julie 2010**. Die taakgroep sal op **14 en 15 Julie 2010**

Die implementering van die Kinderwet (2007)

Teen dit tyd is julle almal deeglik daarvan bewus dat die Kinderwet vanaf 1 April 2010 in werking is.

Van verskillende oorde hoor ek dat die implementeringsprosesse maar stamp - stamp gaan en dat daar baie onduidelikhede is; byvoorbeeld hoe Kinderhous die prosesse waarvoor hulle verantwoordelik is, hanteer.

‘n Ander groot kommer is die koste om die regulasies wat op kinder- en -jeugsorgsentrums betrekking het te implementeer. NAWONGO het derhalwe met ‘n proses begin om die werklike eenheidskoste vir welsynsorganisasies vas te stel en ons verwag dat die ondersoek binnekort voltooi sal wees.

Agnes Muller
agnes.muller@socdev.gov.za

Corlia Kok
ckok@justice.gov.za

Afrikaanse vertaling van die Kinderwet

Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans (VRA) is ‘n groep mense uit die regsprofessie wat hulle daarvoor beywer dat wetgewing in Afrikaans beskikbaar moet wees. Omdat die regering nie altyd die wette in Afrikaans vertaal nie doen die VRA dit op eie koste. Hulle het onlangs die Kinderwet (no 38 van 2005) op hulle webblad beskikbaar gestel (www.vra.co.za en kyk onder wetgewing). Let daarop dat die wysigingswet (no 41 van 2007) en die regulasies nog nie voltooi is nie, maar dit sal hopelik in die volgende maande beskikbaar kom.



Funksionering van die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (SACSSP)

Die funksionering van die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe is tans glad nie na wense nie. Die KMDR het verlede jaar reeds skriftelik navraag gedoen oor waarom sommige maatskaplike werkers wat hulle lidmaatskap hernu het by wyse van die betaling van hulle ledegelde, nie die gebruikelike bewys daarvoor ontvang het nie. Geen antwoord is van die Raad ontvang nie.

Die pas afgelope verkiesing van 'n nuwe Raad het egter die oneffektiwiteit en swak funksionering van die Raad beklemtoon. Tydens die verkiesingschaos het NAWONGO en NACOSS 'n dringende gesprek met die Department Maatskaplike Ontwikkeling gevoer. NAWONGO/NACOSS het versoek dat die department ingryp en die verkiesing nietig verklaar en dan 'n oudit doen van wat in die Raad se kantoor aangaan. Vrae is ook gevra oor die koste van die verkiesingsoefening. Daar is

uiteindelik ooreengekom dat die verkiesing sou voortgaan, maar dat die oudit oor die Raad se administrasie na die verkiesing uitgevoer sal word. Daar is ook onderneem dat dit 'n oudit van die koste van die verkiesing sal insluit. Tot dusver het hiervan ook niks gekom nie.

Die sage van die verkiesing is nou reeds ou nuus, maar die feit is dat vandag, byna twee maande nadat die ("gebrekklike") verkiesing wel plaasgevind het, die nuwe Raad nog nie deur die Minister aangewys is nie. Ons kry ook geen aanduiding van wanneer dit gaan gebeur nie.

Baie dinge dui daarop dat dinge by die Raad se kantore nie pluis is nie en dat die Departement Maatskaplike Ontwikkeling wat 'n oorsigfunksie het, die aangeleentheid ook nie as 'n prioriteit sien nie. Dit laat 'n mens wonder, hoe ernstig die Departement is oor die Maatskaplike werk profesie.

Die Wet op Maatskaplike Werk

Die proses om 'n nuwe wet op Maatskaplike Werk ("**Social Services Professions Bill**") te skryf is ook lank reeds aan die gang. Net toe ons dink dat die konsepwet reg is en dit nou goedgekeur gaan word, hoor ons dat dit nie kan gebeur nie omdat daar nie 'n beleidsdokument bestaan waarop die konsepwet geskoei is nie. Nou begin die proses van voor af.

Die eerste kennisgewings oor werkwinkels en konsultasies begin reeds die rondte doen. Ek wil julle aanmoedig om tog weer in die proses betrokke te raak. Ten spyte van al die konsultasies met die skryf van die konsep wet was daar steeds leemtes in die voorgestelde nuwe wet.

Die chaos met die verkiesing van die Raad wat net nie einde kan kry nie, onderstreep dit dat 'n nuwe wet inderdaad nodig is. Dalk is die proses om 'n beleid te ontwikkel 'n tweede kans wat die

Die retensiestrategie en die beursskema



Die aangeleentheid verskyn nou al 'n tyd lank op die agenda van verskillende forums soder dat enige noemenswaardige vordering gemaak is.

By die jongste JSC vergadering het die verteenwoordigers van NACOSS daarop aangedring dat hierdie saak nou hoë vlak aandag kry. Die vrae wat gevra is het te make met die plasing van maatskaplike werkers by vrywilliger organisasies en die hantering van die salarisgaping.

Daar is ook versoek dat beurshouers wat by vrywilliger organisasies werk verplig moet word om 'n minimum

Verhoudinge met ander netwerke



Een van die kernelemente van 'n suksesvolle demokrasie is die rol van die burgerlike samelewing. Dit is ook waar van die maatskaplike welsynsektor. Julle almal weet dat die KMDR lid is van NACOSS en dat die KMDR ook 'n werksverhouding met NAWONGO het. Ek is bevoorreg om in beide liggame se besture betrokke te wees. Elders verwys ek na die "Joint Strategic Committee" (JSC). Die forum wat strategies tussen NACOSS en die Nasionale Welsynsforum is, het vroeër bestaan, maar mettertyd op die agtergrond geskuif. Dit het verlede jaar herleef en tans kom dit gereeld bymekaar.

Die JSC ontmoet gereeld met die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en tans is dit die enigste kommunikasiekanaal met die departement. Die forum het die afgelope maande goed ontwikkel en die verhouding tussen NACOSS en die Welsynsforum is besig om te groei en sterk te word. Die gedagte is om NAWONGO ook in die JSC betrokke te kry.

Waar staan ons met die geïntegreerde diensleweringmodel (ISDM)?

Die geïntegreerde diensleweringmodel vir maatskaplike welsynsdienste is reeds in 2006 gepubliseer en sedertdien was daar verskillende prosesse om ondermeer die minimum norme en standaarde vir dienslewering te bepaal. Een van die leemtes in die dokument is dat dit nie regtig rekening hou met die situasie in die vrywilliger welsynsorganisasies nie.

Die dokument het ook nie daarin geslaag om die finansiering van dienste te informeer nie. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is tans besig om die ISD te hersien.

Met die oog daarop is 'n Indaba vroeg in Februarie 2010 gehou om die verskillende rolspelers in die proses te betrek. Alhoewel daar enkele ligpunte was, was die proses oorwegend teleurstellend.

Een van die groot probleme bly steeds dat die departement hoofsaaklik vanuit hulle oogpunt die saak beredeneer en dat die omstandighede van al die diensleweraars nie in ag geneem word nie. 'n Voorbeeld hiervan is die redelike klein afvaarding vanuit vrywilliger organisasies wat eintlik 'n groot deel van die dienste lewer. Die van ons wat wel daar kon wees het hierdie punt op verskillende maniere probeer

Bestuursinligtingstelsel vir KMDR lede

Goeie vordering met die ontwikkeling van 'n elektroniese bestuursinligtingstelsel vir KMDR lede word gemaak. Die beplanning is steeds dat die stelsel reeds vanaf 1 April 2011 geïmplementeer sal kan word.

Belangrike datums

26 Julie : KMDR Jaarvergadering
25—26 Aug : KMDR Konsultasie
27 Aug : Werkwinkel Bestuursinligtingstelsel

Julle is baie welkom om op enige berig in die nuusbrieff kommentaar te lewer.
Stuur asseblief julle e-posse na williev@ngkerk.org.za



Die implementering van die Wet op Ouer Persone

Die langverwagte wet het ook op **1 April 2010** in werking gekom. Alhoewel die implementering van die wet minder kompleks as die Kinderwet is, is daar tog groot kommer oor die bekostigbaarheid van die regulasies.

Die ondersoek van NAWONGO na eenheidskoste sluit ook hierdie aspekte in.